**Vrydag 2 Junie**
**Skrifgedeelte: Genesis 4:9-16 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Genesis 4:8-9**
**Gesinslede moet mekaar oppas**

Nadat Kain sy broer Abel vermoor het, kom die Here by hom en vra: “Waar is jou broer Abel?” Kain gee ’n bars antwoord: “Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?”

Sy broer oppas was juis wat hy nie gedoen het nie. Hy het presies die teenoorgestelde gedoen. Hier het Kain die mees basiese beginsel vir gesinslede vertrap. Die Here het immers die gesin ingestel om mekaar tot hulp te wees. Eva is aan Adam gegee om vir hom tot hulp te wees. Ouers moet hulle kinders tot hulp wees, en uiteindelik moet kinders weer hulle ouers en mekaar tot hulp wees.

Jou gesinslede is die mense wat vir jou moet omgee, jou oppas en beskerm. Jou gesinslede is die mense wat jou moet help om in jou menswees te groei en te ontwikkel. Hulle help jou hierin, en jy moet hulle ook so tot hulp wees.

Ongelukkig kom ons vanweë ons sondige aard so maklik in opstand teen die gawe wat die Here aan ons in ons gesinne gegee het. Soos Kain laat ons in selfgerigtheid ons koppe hang en weier om mekaar tot hulp te wees. Ons maak so maklik hulle wat naby ons moet wees, bitter seer. Soms maak familielede mekaar steeds dood.

Aan God die dank dat Hy sy Seun na ons gestuur het. Sy Seun het vir ons kom doen wat Kain met Abel moes gedoen het. Sy Seun het die dood in ons plek gesterf, sodat ons kinders van die Vader kan wees. Nou, uit diepe eerbied vir Christus moet ons mekaar tot diens wees. Ons moet mekaar oppas en help. Hierdie hulpbetoning begin allereers aan hulle wat die naaste aan ons is – ons gesinslede, want die Here het ons as mekaar se oppasses aan mekaar gegee.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*